# DIE SUPERFUND-DOODSEISPROSES

WET OP PENSIOENFONDSE: ARTIKEL 37C – OORSIG

## WAT GEBEUR MET U AFTREEFONDS-SPAARGELD WANNEER U NIE MEER DAAR IS NIE?



Soos wat die nuwe jaar op dreef kom, dink baie van ons aan die veranderinge wat ons wil maak en hoe om die jaar wat voorlê met die regte voornemens en doelstellings te benader. Een van die belangrike aspekte om te oorweeg, is u aftreefonds-spaargeld. Dit is dalk nie iets waaraan u nou wil dink nie, maar wat gebeur met daardie spaargeld wanneer u sterf voordat u aftrede bereik?

As 'n SuperFund-lid sal u afhanklikes en persone wat u benoem het, in aanmerking kom vir 'n bedrag geld uit u aftreefonds-spaargeld. Kliek asseblief hier om 'n kort video te kyk wat verduidelik waaroor hierdie voordeel gaan.



## DOEL VAN 'N STERFTEVOORDEEL EN ROL VAN TRUSTEES

U sterftevoordeel is die geld waarvoor u gedek is asook die geld wat u gedurende u leeftyd gespaar het wat beskikbaar word indien u sterf voor aftree-ouderdom. Die wet vereis dat die Old Mutual SuperFund-Trustees (bestuursraad) moet vasstel wie u geld moet ontvang, asook om seker te maak dat die regte afhanklikes finansieel ondersteun word. U kan hulle help met die ondersoekproses deur u benoemingsvorm hier te voltooi. Gee asseblief 'n kopie aan u werkgewer om te bewaar sodra u dit voltooi het.

So nie, kan u op Old Mutual Secure Services registreer en die inligting direk voltooi. Sodra u geregistreer en aangeteken het, kliek op "MyPortfolio", kliek dan op "Manage beneficiary details" onder "Personal Details" en vul die nodige inligting in. Old Mutual SuperFund sal dit dan op rekord hê. Dit sal die Trustees help om u swaarverdiende geld regverdig aan die korrekte afhanklikes en benoemdes toe te ken.



## HET U ONLANGS U FAMILIEKRING EN BENOEMDES OP DATUM GEBRING?



Dit is uiters belangrik dat u u benoemingsvorm gereeld nagaan en op datum bring, veral na geleenthede soos troues, skeisake, aannemings, geboortes, ens. Ons wil, sover moontlik, verseker dat al u voordele regverdig en akkuraat toegeken word, en dat almal in ag geneem word. Hieronder volg die proses wat in werking sal tree wanneer u sterf.

Skakel asseblief 0860 20 30 40 vir hulp met die invul van die benoemingsvorm.

## 1: VIND ALMAL

Die Trustees moet eerstens almal vind wat in aanmerking kom om 'n uitbetaling te ontvang van die lid se sterftevoordeel.

**AFHANKLIKES**

- Enige persoon wat volgens die wet geregtig is op onderhoud
- Enige persoon wat finansieel afhanklik was van die lid met sy/haar afsterwe
- Alle gades
- Alle kinders (insluitend kinders wat wettiglik aangeneem is)
- Enige persoon wat moontlik in die toekoms afhanklik sou word indien die lid nie gesterf het nie.



**BENOEMDE**

- Enige natuurlike persoon
- 'n Regspersoon
- 'n Trust

## 2: SAMEL INLIGTING IN EN SORG VIR REGVERDIGE TOEKENING

Trustees moet, afhangende van watter scenario geld, die volgende doen:

| ① AFHANKLIKES EN BENOEMDES | ② SLEGS AFHANKLIKES |
|---|---|
| Oorweeg deeglik hoe die voordeel tussen die afhanklikes en benoemdes verdeel word. | |
| **③ SLEGS BENOEMDES** | **④ GEEN AFHANKLIKES OF BENOEMDES** |
| • 'n Wagtydperk van 12 maande, vanaf die lid se sterftedatum, instel. Die wet vereis dit **en** dit gee tyd vir afhanklikes wat moontlik nog nie geïdentifiseer is nie, om na vore te tree.<br>• Die wet vereis dat die eksekuteur, van die afgestorwene se boedel, moet bevestig of die boedel kredietwaardig is (m.a.w. of die boedel genoeg bates het om alle laste te dek). | • 'n Wagtydperk van 12 maande, vanaf die lid se sterftedatum, instel. Die wet vereis dit **en** dit gee tyd vir afhanklikes wat moontlik nog nie geïdentifiseer is nie, om na vore te tree.<br>• By gebrek aan die bogenoemde sal die voordeel in die afgestorwene se boedel betaal word. |

## 3: BETAAL VERANTWOORDELIK

Die voordeel kan in een van die volgende bankrekeninge betaal word:

**MONDIGE BEGUNSTIGDE**
Volwasse begunstigde (18 jaar en ouer)

**VOOG VAN 'N MINDERJARIGE BEGUNSTIGDE**
'n Persoon wat beskik oor die mag en verantwoordelikhede van 'n ouer, wat betref die kind (onder 18 jaar) se ondersteuning, sorg, opvoeding, gesondheid en welsyn

**VERSORGER**
'n Persoon wat verantwoordelik is vir die direkte versorging van die begunstigde in die afwesigheid van 'n wettige voog, bv. minderjarige kinders, bejaardes, gestremde persone, ens.


**BEGUNSTIGDE FONDS**
'n Fonds wat geregistreer en gereguleer word ingevolge die Wet op Pensioenfondse om voordele wat aan begunstigdes toegeken word in die geval van die dood van 'n lid, te administreer

**TRUST**
'n Persoon of persone wat verantwoordelik is vir die bewaring van die begunstigde se voordele

**BOEDEL**
Die bates en laste wat die afgestorwene lid nalaat

**DIE BEDRAG KAN BETAAL WORD AS 'N**

- *Volledige enkelbedrag
- Lewende annuïteit
- Kombinasie van albei




*Volledige enkelbedrag

*onderhewig aan belasting

OLDMUTUAL

DO GREAT THINGS EVERY DAY

Old Mutual Life Assurance Company (SA) Limited is a licensed FSP and Life Insurer.